**Apostoliese Geloofsbelydenis (ook 12 Artikels)**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;

en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is,

wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het,

wat op die derde dag het Hy opgestaan uit die dood,

opgevaar na die hemel

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Ek glo in die Heilige Gees;

ek glo aan ’n heilige, algemene Christelike Kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die liggaam

en ’n ewige lewe.

Amen.